

Peter Venter
Gereformeerde Kerk Trinitas Oggenddiens
2017-05-14
Deuteronomium 24:5-25:4 & Heidelbergse Kategismus Sondag 42 v&a 111
Fokusvers: 24:5

God gee die huwelik as gawe en eis van ons naaste liefde en getroue werk

Inleiding

Ons het laasweek vanuit Gen. 2 weer die bevestiging gekry dat dit nie goed is vir die mens om alleen te wees nie. God het die mens geskep as 'n sosiale wese en daarom is dit nodig dat die mens 'n maat moet hê, een wat by hom pas. So ook het ons gehoor dat God die alleenheid van die mens antwoord deur iemand vir hom te gee. God antwoord die alleenheid van die mens deur die huwelik, familie en kerk. Vanoggend wil ons in besonder stilstaan by die rol van die huwelik en die wyse waarop die alleenheid van die mens aangespreek word. Die huwelik skakel by ons kwartaaltema, van familiewees, in. Die huwelik dien as fondament waaruit die familie ook voortspruit. Ons kyk egter nie net vas in die aardse huwelik nie, maar ook die geestelike huwelik waarin die bruid, die kerk, in verhouding staan tot die bruidegom – nl. Christus.

Aan die hand van Deut. 24 sien ons ook van die voorskrifte stel vir die huwelik en dit word ook vir ons verder belig aan in Sondag 42 van die Heidelbergse kategismus.

God gee die huwelik as gawe en eis van ons naaste liefde en getroue werk.

Drie handvatsels kom vir ons duidelik na vore:

- God rig die huwelik in volgens sy wil
- God eis naaste liefde in die huwelik
- God eis getroue werk binne die huwelik

God rig die huwelik in volgens sy wil

Die boek Deuteronomium het die formaat van een lang kontraktuele dokument. Die boek is 'n uiteensetting van die tien gebooe met 'n klomp verskillende scenario's wat antwoorde gee vir die implimentering van die wet. Daar word verskillende ruimtes geskep en op grond daarvan praktiese riglyne hoe die volk moet optree. Hierdie wette en scenario's is dan ook van toepassing op ons omdat ons self ook steeds die wet moet onderhou as teken van ons dankbaarheidsdiens. Die gedeelte in hoofstuk

24 en 25 fokus op die agtste gebod – *Jy mag nie steel nie*. Dit lyk dalk vreemd dat die huwelik hierby betrek word en daarmee saam ook die verbod dat pasgetroude mans nie mag oorlog voer nie.

Maar hier gaan dit oor die fokus en die prioriteit van die mens binne die huwelik wat nie gesteel mag word nie. God gee bepaalde opdragte binne die huwelik wat die mens moet nakom. God eis dat die man en die vrou een moet word en daardeur word die geleentheid daar gestel vir 'n nageslag. Hier begin dit reeds duidelik word hoekom 'n pasgetroude man nie oorlog kan gaan voer nie. Hy moet eers 'n nageslag hê. So ook daarmee saam is dit die plig van die man om sy vrou gelukkig te maak.

Ons het reeds genoem dat Deuteronomium gesien kan word as een groot kontrak. Hierdie kontrak word ook genoem die verbond. God sluit tog nie 'n nuwe verbond nie. Die volk is op die tydstip waar die boek geskryf word op die Moabietiese vlakte. Hulle kyk uit op die beloofde land – Kanaan. Die vrug van die verbondseën lê op die horison. God gee dus nou vir hulle die voorskrifte hoe hulle moet leef in die beloofde land. Hy gee duidelike voorskrifte en selfs praktiese voorbeelde om die volk by te staan en dit so maklik as moontlik te maak om streng volgens die wil van God op te tree. God neem elke gebod en breek dit af in klein verteerbare stukkies inligting om te verseker dat die volk dit sal verstaan.

Die volk ken die wet – Jy moet God bo alles liefhê en jou naaste soos jouself. Die gedeelte wat ons gelees het staan onder die opskrif *Neem jou medemens in ag*. Deur die verloop van hoofstuk 24 en die eerste gedeelte van hoofstuk 25 verduidelik God hoe die mens teenoor sy naaste moet optree in die geval van diefstal of soortgelyke oortredinge van die agtste gebod. God begin van die mees intieme verhouding en kring dan al wyer uit totdat daar uiteindelik by die verhouding met selfs die diere riglyne gegee word. Die kern van die saak is dat God steeds in hierdie verhoudings naaste liefde eis.

Deur die herbevestiging van die verbond, eis God 2 dinge rondom die huwelik.

Eerstens,

God eis naaste liefde in die huwelik

Die eise binne die huwelik word in Deut. 24 duidelik gemaak. God eis dat ek ander se huwelike respekteer, maar ook dat ek aandag sal gee aan my eie huwelik soos wat ek belowe het met die huweliksbevestiging.

Weerbare manne wat pas getroud is, is vrygestel van oorlogvoering. Dit is die praktiese voorbeeld waarvan Deut. 24 melding maak. Dit strek egter soveel wyer. Ons moenie toelaat of iemand anders in die versoeking lei om skade aan sy of haar eie huwelik te bring nie. Ons moet bymekaar dit inskerp dat die huwelik 'n instelling van God is en daarom kan ons nie ander sake belangriker ag as ons huwelik nie.

Ons het verlede sondagaand tydens die fokustyd saam gesels oor die volmaakte huwelik – daar het ons tot die gevolgtrekking gekom dat 'n volmaakte huwelik, 'n Godgesentreerde huwelik is. 'n Godgesentreerde huwelik vereis van ons om iets van onself prys te gee. Ons moet bereid om ons eie ek op te offer deur my huweliksmat se behoeftes bo my eie te plaas. Fil. 2:4 bevestig ook hierdie gedagte dat ons nie net aan onself en ons eie belange kan dink nie – *“Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.”* Net so ook beteken dit dat ek my naaste ook sal toelaat om in vrede sy gesonde huwelik te kweek. Dit beteken nie noodwendig dat ek namens my buurman of kollega moet gaan oorlog maak nie, maar dat ek sal omgee oor die welstand van sy of haar huwelik. Op so 'n wyse is my naaste se behoeftes op die voorgrond en poog ek nie om die geluk in sy huwelik te steel soos wat die agtste gebod verbied nie. Tog is ons huwelike nie net afhanklik van ander wat dit met respek, liefde en deernis hanteer nie. Tweedens eis God ook getroue werk binne ons huwelike.

God eis getroue werk binne die huwelik

Niemand sal sê dat die huwelik altyd maklik is nie. Hollywood het die saak so geromantiseer dat ons vaskyk in die prinses en ridder op die wit perd dat ons heeltemaal vergeet dat die huwelik steeds 'n verhouding is wat voortgaan. Net soos wat ons nie die vreugde van ons naaste mag steel in sy huwelik nie, moet elkeen van ons ook erns maak met die gevoelens van ons eie huweliksmat. Ons kan nie die vreugde steel van ons eie man of vrou nie.

Hierdie vreugde strek egter veel wyer as net bloot 'n glimlag elke dan en wan. Hierdie vreugde is ook die geestelike vrolikheid en rustigheid wat ons ervaar in ons geloof.

Daarom word die huwelik ook gebruik as beeld vir die verhouding tussen Christus en sy kerk. Ons moet hard werk binne hierdie huwelik sodat ons mekaar as lede van die kerk bemoedig en versterk en dat ons niemand se geleentheid om te groei in die geloof steel nie. Sodoende groei ons saam in ons eenheid van die kerk. Ons moet

deurlopend werk binne hierdie huwelik tussen Christus en sy kerk soos wat Christus ons ook leer deur sy voorbeeld in Johannes 5:17 – *“My vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.”*

Christus werk steeds om sy kerk op te bou. Daarom word ons geroep en versterk deur die Heilige Gees en word die gesindheid van eenheid ook gekweek sodat die huwelik wat deur God ingestel is, geëer kan word en tot verheerliking van God.

Slot:

Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. God roep ons om die huwelik wat Hy ingestel het te eer en dat ons ook ons huweliksmaat sal eer deur ons eie belange op die agtergrond te plaas. Hierin word ons opgeroep om in nederigheid diensbaar te wees. Dit geld vir die respek teenoor die huwelik van ander, ons eie huwelike maar ook die geestelike huwelik waarin ons in verhouding staan met Christus. Daardeur kan ons steeds as die bruid van Christus met groot opwinding uitsien na Sy terugkoms soos wat Hy belowe in Openb. 20:20 – *“Ek kom gou.”*